Adverteer @ R30 per advertensie. Bring info (30 woorde of minder) na die kerkantoor voor/op Donderdag om 12:00, skakel 082 829 2062 of epos na gwonderboom@gmail.com.

**Was 'n Woef** mobiele was-eenheid met warm water in die gemak van jou erf. Was, dip + naels knip. Ontwurming opsl. Ons pas ook diere op tydens vakansies.
**Linda 084 344 7993**

**Vrystaat lamsvleis te koop:** Heel lam—R120 p/kg.
Vakuum verpak. Halwe lam—R125 p/kg.
Vakuum verpak.
Los lam tjops (6 per pakkie) —R159 p/kg
Heel boud—R 139 p/kg
Ontbeende lamsrol—R189 p/kg
Lam sosaties gemarineer—R179 p/kg.
Kontak **Susan 083 384 1747** met jou bestelling

**Oondgedroogte sekelbos** te koop @ R 22 'n sakkie.
Kontak **Dawid 078 500 7356** vir jou bestelling

**CLE Finansiële Dienste FSP 12700** Beskerming, spaar, beplanning ens. Kontak ons vir enige raad en bystand rakende sakeversekering, pensioen- en voorsorgfondse, lewensversekering, testamente, effektetrusts, aftreebeplanning, beleggings, ens.
**Carel Hollenbach 082 901 2441**

**R $ £ € FSP 589**
Skakel ons vir inligting, advies en bystand aangaande beleggings wêreldwyd.
**SA Batebestuur 012 567 7657**




# GEBEDSBRIEF

## Wonderboom Ned. Geref. Gemeente

## 30 Januarie 2022

**Besoek ons WEBTUISTE:**
**www.ngkwonderboom.co.za**

Bid asseblief dat ons **EREDIENSTE** egte- en verrykende ontmoetings met God sal wees!

Welkom aan elkeen wat vandag saam aanbid! Mag die Here ons in ons liefde vir Hom en mekaar seën! Geluk aan dié wat die afgelope of komende week verjaar/het!

| LERAAR | TEMA | TEKS |
|---|---|---|
| Dr Nelius Steyn Nagmaal 09:00 | Leef jy verstrengeld of verweefd? | Matteus 12:50<br>Daar is my moeder en my broers! Elkeen wat die wil doen van my Vader wat in die hemel is, dié is my broer en my suster en my moeder." |
| Dr Erika van Tonder Soetdoring Nagmaal 09:00 | Ons is nie verlore | Lukas 15:32<br>"Maar ons kan tog nie anders as om fees te vier en bly te wees nie, want hierdie broer van jou was dood, en hy lewe weer; hy was verlore, en ons het hom teruggekry." |
| Ds Elané Sassenberg | 1 + 1 = 1<br>Jeugdiens 18:00 | Efesiërs 4:4-13<br>Senior kategese 19:00 |

**Kategese:**
Die **Junior Kategese** (GrR-6) vind vanoggend na die erediens in die kerkgebou plaas. Vir navrae kontak dr. Nelius Steyn (082 890 8820) of Elize Steyn (061 234 5750).

Die **Senior Kategese en Belydenisgroep** (Gr7-11) is vanaand na die aanddiens by Overkruin. Skakel ds. Elané Sassenberg (072 974 1864) of dr. Nelius Steyn (082 890 8820) vir navrae.

Ons jaartema vir **2022** is: **Soek en leef God se droom!** Met die Week van Gebed wat volgende week 'n aanvang neem sluit ons hierby aan. Tydens die **Week van Gebed** gaan ons onsself voor God verootmoedig en nadink oor God se droom/drome vir ons.

Die Here se drome (wense) vir ons is baie keer verskillend van ons wense en ideale. God se droom vir ons is ook baie groter en meer omvangryk as wat ons besef. Sy bedoeling vir ons is nie maar net een of twee hoogtepunte in ons geestelike lewe nie, maar 'n pad. Dit is 'n lewensreis wat God met en saam met ons loop. Kom ons buig dan en **bid dat die Here sy droom vir elkeen van ons** en vir ons gemeente ook in 2022 sal verwesenlik!

Die **Week van Gebed** skop volgende Sondag 6 Feb af met die oggenddiens en dan is daar Maandag 7 Feb tot Donderdag 10 Feb om 19:00 'n toewydingsgeleentheid. Jy is welkom om in jou werksklere te kom. 'n Uiteensetting van die temas sal volgende week in die gebedsbrief verskyn.

**Nuwe Intrekkers/Besoekers**
Baie welkom aan alle besoekers en nuwe intrekkers! Jy kan gerus na die erediens die predikant voor die kansel kom groet.

**Siekes**
Nora Wallis, Elma van Niekerk, Jumarie Froneman, Blackie Swartz, Willie Meintjies, Obie Oberholzer en Marelize Cordier.

**CORONA GEBED:**

Bid vir ons land en vir die wêreld:

370 730 367 mense wêreldwyd het die virus gekry. 292 715 777 (78,96%) het gesond geword en 5 669 189 (1.53%) gesterf.

4 797 753 702 [61,51%] van die wêreld is inge-ent.

In Suid-Afrika het 3 598 288 mense dit gekry, 94 784 (2,63%) gesterf en 3 436 326 (95,5%) gesond geword.

Daar is reeds 29 784 202 inentings in RSA gedoen. (Statistiek Covid Visualizer op 29 Jan 2022 om 10:00).

**Liefdesgawes**

Baie dankie aan elkeen wat getrou 'n offergawe gee! U dankoffers word waardeer!

U kan u dank-offer EFT of Zapper skandeer of 'n koevert by die kerk se posbus ingooi. Ons bankbesonderhede is:

NG Gemeente Wonderboom, ABSA Tjek-rekening, Reknr: 526 015 1136 Sinoville Tak 632005.